higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N590**(A)**(J20)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5

(4090495)

20 Junie 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Trek 'n streep onderaan elke vraag wat voltooi is.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Gebruik fisiese eenhede waar nodig.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: JOERNALE

Die transaksies vir Junie 2017 is uit die rekords van TENTEN, 'n groenteboerderyonderneming, vir Junie 2017 geneem.

Datum	Besonderhede
1	Ontvang 'n lening van R60 000 van Nextbank, kwitansienr. 001
1	Betaal vir saailinge en insekdoders, R6 000 kontant
4	Kontantverkope van kool, R4 000, kwitansienr. 002
5	Koop kunsmis en mis op krediet, R5 200, faktuurnr. BB121
7	Koop verpakkingsmateriaal vir R1 000, tjeknr. 13
7	Betaal krediteur GDR-winkel vir besproeiingspype, R6 000, tjeknr. 14
12	Betaal lone, R6 000, tjeknr. 15
13	Verkoop groente aan 'n nabygeleë skool op krediet, R3 500, faktuurnr. A01
14	Ontvang R7 000 van Pmp Supermark vir groentevoorsiening op krediet, kwitansienr. 004
16	Betaal kontantlone aan geleentheidsarbeiders vir onkruidverwydering, R2 000, tjeknr. 16
17	Koop brandstof op rekening van BP Garage, R1 600, faktuurnr . CR2
18	Ontvang rente op beleggingsrekening, R2 000, kwitansienr. 005
20	Eienaar betaal sy kind se skoolgeld, R1 500, tjeknr. 17
22	Verkope van groentekombinasies aan Pmp Supermark op rekening, R15 000
24	Betaal lone, R6 000, tjeknr. 18
30	Betaal lone, R6 000, tjeknr. 19

Teken die transaksies in die volgende joernale aan:

1.1 Kontantbetalingsjoernaal (19)

1.2 Kontantontvangsjoernaal (11)

1.3 Krediteurejoernaal (5)

1.4 Debiteurejoernaal (5)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: ANALISE EN INTERPRETASIE VAN BOERDERYRESULTATE

2.1 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Ratio's bereken vir 'n spesifieke boerderyonderneming en vergelyk met voorafbepaalde norme

2.1.2 'n Ratio wat die verhouding tussen die netto waarde en totale laste van 'n boerderyonderneming weerspieël

2.1.3 Die vermoë van 'n boerderyonderneming om sy laste uit die verkoop van sy bates terug te betaal met staking

2.1.4 Die verskil in netto waarde tussen twee balansstate, vorige en huidige

2.1.5 Ratio's wat die verhouding tussen produksie-, bemarkings- en administratiewe koste met bruto produksiewaarde analiseer

(5 × 1) (5)

2.2 Noem die TWEE nettowaardekriteria wat vir balansstaat-analise gebruik word. (2)

2.3 Gee die formules vir die twee kriteria wat in VRAAG 2.2 genoem word. (2 × 2) (4)

2.4 DEF Koöperasie het die volgende finansiële inligting uit sy balansstaat, soos op 31 Desember 2017, verskaf.

BALANSSTAAT-ITEMS	BEDRAG
Produksievoorraad	R40 000
Debiteure	R25 000
Elektrisiteitsrekening vooruitbetaal	R10 000
Beleggings	R60 000
Negatiewe bankbalans	R5 000
Trekker	R120 000
Waterpomp	R30 000
Grond- en vaste verbeterings	R400 000
Mediumtermynlaste	R45 000
Huislening	R250 000

Bereken die volgende verhoudings/ratio's en toon ALLE bewerkings, formules en eenhede:

2.4.1 Skuldverhouding (4)

2.4.2 Hefboomverhouding (4)

2.4.3 Lewer kommentaar op die resultate in VRAAG 2.4.1 en 2.4.2. (2)

Kopiereg voorbehou

2.4.4 DEF is 'n veeboerderyonderneming.

Sal die resultate van die solvensieverhoudings op die vorige bladsy vir 'n groenteboerderyonderneming werk? (1)

2.4.5 Motiveer die antwoord in VRAAG 2.4.4. (3)

2.5 Aanvaar DEF verskaf die volgende inligting uit die inkomstestaat vir die jaar:

INKOMSTESTAAT-ITEMS	BEDRAG
Bruto produksiewaarde	R400 000
Dagoudkuikens	R50 000
Inentings	R15 000
Voer	R40 000
Brandstof en smeermiddels	R30 000
Saagsels	R5 000
Werknemervergoeding	R36 000
Rente op lening	R7 000
Huur van grond vir aanplanting van mielies vir voer	R12 000

Bereken die volgende verhoudings/ratio's en toon ALLE bewerkings, formules en eenhede:

2.5.1 Voer en inentings per R100 BPW (4)

2.5.2 Werknemervergoeding per R100 BPW (3)

2.5.3 Vergoeding na buitelandse kapitaal per R100 NFI (4)

2.6 Watter koste-item hierbo het meer tot die produksie-, bemarkings- en administratiewe koste bygedra? (1)

2.7 Bepaal die persentasie bydrae van die koste-item in VRAAG 2.6 tot die produksie-, bemarkings- en administratiewe koste. (3)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: HULPBEGROTINGS

3.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Verskil tussen beraamde bruto produksiewaarde en direkte toegekende veranderlike koste	A	opbrengskoers
		B	verbeurde BPW
3.1.2	Verhoogde BPW veroorsaak deur 'n verandering in 'n boerderyaktiwiteit	C	terugbetalingstydperk
		D	bruto marge
3.1.3	Gebruik om die winsgewendheid van 'n voorgestelde verandering in 'n produksievertakking te toets	E	winsdrempelbegroting
		F	bykomende BPW
3.1.4	Getal jare wat dit 'n projek neem om sy aanvanklike belegging te betaal	G	gedeeltelike begroting
3.1.5	Verlies aan BPW as gevolg van vervanging van mielies met graan		

(5 × 1) (5)

3.2 Geen EEN voordeel van 'n begroting as hulpmiddel in 'n boerdery-onderneming. (2)

3.3 Noem en beskryf die VIER komponente van 'n takbegroting. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

3.4 'n Boerderyonderneming produseer sonneblomme op 300 hektaar bewerkbare grond. Die wins op sonneblomme het onlangs begin afneem en die eienaar vervang nou 100 hektaar sonneblomme met 100 hektaar bone. Om die sonneblomme met bone te vervang, is dit nodig dat hy 'n nuwe boonplanter moet aankoop.

Die volgende inligting moet in berekening gebring word:

SONNEBLOMKOSTE PER 100 HEKTAAR	
Kunsmis en saad	R25 000
Arbeidskoste	R35 000
Versekering	R38 000

BOONKOSTE PER 100 HEKTAAR	
Kunsmis en saad	R35 000
Arbeidskoste	R25 000
Brandstof- en herstelkoste	R20 000
Oeskoste	R35 000

OPBRENGSTE EN PRYSE	
Boonopbrengs per hektaar	3 ton
Sonneblomopbrengs per hektaar	2,7 ton
Boonprys per ton	R1 800
Sonneblomprys per ton	R2 000

INLIGTING OOR NUWE BOONPLANTER	
Koste	R60 000
Bergingswaarde	R10 000
Nuttige leeftyd	10 jaar
Geleentheidskoste van kapitaal	20%
Versekering van planter	R15 000

Stel 'n gedeeltelike begroting op om te bepaal of die vervanging van sonneblomme met bone tot 'n verhoging of verlaging in wins sal lei. (16)

3.5 Verduidelik kortliks wat die doel van 'n winsdrempelbegroting is. (3)

3.6 Noem die formule om die winsdrempelpunt te bepaal. (2)

3.7 Gee VIER praktiese voorbeelde van hoe 'n winsdrempelbegroting in die landbou aangewend kan word. (4)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: KAPITAALVEREISTES, -VORME EN -HULPBRONNE

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Die elastisiteitseis van die meeste landbouprodukte is …

A hoog.
B laag.
C onbeduidend.
D baie hoog.

4.1.2 Watter EEN is die belangrikste kapitaalbate in die landbou?

A Toerusting
B Water
C Grond
D Arbeid

4.1.3 Roerende kapitaal is kapitaal wat benodig word vir belegging in …

A produksievoorraad.
B voertuie en gereedskap.
C damme.
D heinings.

4.1.4 Vaste kapitaal is kapitaal wat benodig word vir belegging in …

A produksievoorraad.
B voertuie en gereedskap.
C veeteelt.
D heinings.

4.1.5 Watter EEN verteenwoordig nie buitelandse kapitaal nie?

A Eie kapitaal
B Leningskapitaal
C Waarde van verhuurde grond
D Al drie bogenoemde

(5 × 1) (5)

4.2 Laslenings en huisverbande is twee van die algemene soorte langtermynlenings wat deur die Land Bank aan boere toegestaan word.

4.2.1 Onderskei tussen *laslenings* en *huisverbande*. (2 + 2) (4)

4.2.2 Noem VYF gebruike van laslenings. (5)

4.2.3 Adviseer 'n groep nuwe boere oor enige VYF gebruike van huislenings. (5)

Kopiereg voorbehou

4.3 Klassifiseer die VYF addisionele bronne van eie kapitaal wat onder allerlei ressorteer. (5)

4.4 Beskryf die rol wat handelskrediteure as een van die soort kredietverskaffers vervul. (2)

4.5 Noem die NEGE opskrifte wat die leningsbeleid van die Land Bank opsom. (9)

4.6 Verduidelik waarom die behoorlike benutting van arbeid as 'n bron van eie kapitaal beskou word. (3)

4.7 Definieer *doeltreffende finansiering*. (2)

4.8 Noem en verduidelik die faktore wat die omvang van 'n kapitaalvereiste van enige boerderyonderneming bepaal. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 5: DIE FINANSIERINGSBELEID VAN ’N BOERDERYONDERNEMING

5.1 Kennis van die aard en omvang van kapitaalvereistes is die eerste stap om 'n goeie finansieringsbeleid vir 'n boerderyonderneming op te stel.

5.1.1 Noem die DRIE soorte kapitaalvereistes. (3)

5.1.2 Uit watter finansiële state van die boerderyonderneming kan die kapitaalvereistes wat in VRAAG 5.1.1 genoem is, onttrek word? (3)

5.2 Verduidelik kortliks die term *instandhouding van likwiditeit*. (4)

5.3 Adviseer 'n boer wie se boerderyonderneming nog nie likied is nie oor hoe sy dit kan doen. (2 × 2) (4)

5.4 Bespreek VIER faktore wat banke die terugbetaalvermoë van 'n boerderyonderneming kan laat betwyfel. (4 × 2) (8)

5.5 'n Boerderyonderneming moet sekere dokumente en inligting aan kredietverskaffers verskaf wanneer aansoek om 'n lening gedoen word.

Noem die dokumente of inligting wat die boerderyonderneming moet voorlê om elk van die volgende te reflekteer:

5.5.1 Vorige finansiële prestasie (3)

5.5.2 Huidige finansiële posisie (2)

5.5.3 Toekomstige finansiële posisie (3)

[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou